

18 November

Skrifgedeelte: Daniël 12:1-13

Fokusgedeelte: Daniël 12:1

Die toekoms (3)

Tot sover het God in hierdie boek die volgende geopenbaar: (1) Babel is nie die eerste en laaste moeilikheidmaker vir God se volk nie. (2) Wêreldryke word al groter en ook al slegter en minderwaardiger. (3) Die vyandskap teen God se kinders neem algaande toe.

Tog is God die Een wat aanstel en ontslaan en uiteindelik die rolle finaal omkeer. Hierby sluit Dan 12 aan en dan op so 'n manier dat dit wat naby is (slegte heersers) sommer so oorfloei in dit wat ver is (die Antichris). Die een is die voorloper van die ander.

“In daardie tyd”, die tyd van uiterste verdrukking, ontvang God se volk hemelse bystand naamlik Migael (kyk ook Op 12:1-10) en word die tyd van uiterste verdrukking juis die tyd van finale redding! Dis die hemelse verrassing vir die geskiedenis van die aarde!

Die einde is dan ewige heerlijkheid en lewe vir God se volk, maar ewige skande en veragting vir die ander. God se openbaring oor die pad na die einde toe het 'n spesifieke doel. Die gelowiges verstaan nou hierdie pad. Hulle weet dat die swaarkry, veral in die eindtyd, nie tevergeefs is nie. Die goddeloses word al slegter, maar die gelowiges word gesuiwer, gelouter en gereinig (vers 10).

Al weet ons nie “hoe lank” nie, moet ons weet dat God die dae tel. Wie volhard, sal gered word (vers 12). Daarom kan ons met opgerigte hoof en vol verwagting die toekoms tegemoet gaan!

Sing: Skrifberyming 32:1-3

Ds DHP Wijnbeek (Steynsburg)